

Hoofstuk 4

AFRIKAANS HUISTAAL

Lees hierdie verslag in samehang met die Afrikaans Huistaalvraestelle van November 2019.

4.1 PRESTASITENDENSE: Vraestel 1 – 3 (2015 – 2019)


Die prestasie van die kandidate reflekteer 'n afname in vergelyking met dié van 2018. Uit die grafiek kan die volgende afleidings oor 2019 gemaak word:

- Die getal kandidate het afgeneem met 1919.
- Die prestasie van die kandidate het in 2019 afgeneem. Die persentasie kandidate wat 40% of meer behaal het, is 95,2%, teenoor 96,4% van kandidate wat in 2018 geskryf het.


Tabel 4.1.1: Oorsig van prestasie in Afrikaans Huistaal

Jaar	Getal leerders	Getal wat 40% en meer behaal het	% wat 40% en meer behaal het
2015	53 799	52 366	97,3
2016	50 019	48 338	96,6
2017	46 847	44 271	94,5
2018	48 566	46 800	96,4
2019	46 647	44 392	95,2

Grafiek 4.1.1: Oorsig van prestasie in Afrikaans Huistaal



Grafiek 4.1.2: Prestasieverspreidingskurwe (Afrikaans Huistaal: 2015–2019)



Tabel 4.1.2: Oorsig van prestasie in Afrikaans Huistaal (2015–2019)

Jaar	0-9,9	10-19,9	20-29,9	30-39,9	40-49,9	50-59,9	60-69,9	70-79,9	80-89,9	90-100
2015	0,0	0,0	0,1	2,5	23,1	33,2	23,2	12,7	4,8	0,4
2016	0,0	0,0	0,1	3,3	25,4	31,5	22,2	12,5	4,7	0,4
2017	0,0	0,0	0,3	5,2	25,3	29,3	21,1	12,8	5,5	0,6
2018	0,0	0,0	0,2	3,4	22,6	34,0	23,8	12,1	3,7	0,2
2019	0,0	0,0	0,2	4,6	26,6	30,8	21,5	11,6	4,3	0,3

Uit bogenoemde grafieke is dit duidelik dat daar 'n algehele afname (1,2%) is in die getal en persentasie kandidate wat meer as 40% behaal het in 2019, in vergelyking met die vorige jaar. Daar is egter 'n toename (0,2%) in die persentasie kandidate wat meer as 70% behaal het asook 'n toename (1,2%) in die persentasie kandidate wat minder as 40% behaal het in 2019 in vergelyking met die vorige jaar.

4.2 OORSIG VAN LEERDERPRESTASIE IN VRAESTEL 1

Algemene opmerkings

- Die vraestel is gebalanseerd wat die kognitiewe vlakke en ook die moeilikheidsgraad vir elke vlak betref. Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) voorskrifte is nagekom en die Eksamenriglyne is geïmplementeer.
- Dit blyk dat (heelwat) kandidate nie genoegsame voorbereiding vir die vraestel doen deur gebruik te maak van beskikbare bronne, o.a. vorige jare se eindeksamenvraestelle nie. Dit bly 'n kommerwekkende tendens dat kandidate se taalvermoë, veral wat Vraestel 1 betref, nie aan die verwagtinge voldoen nie ten spyte van talle beskikbare bronne.
- Dit is opvallend dat heelwat kandidate die beantwoording van die vraestel uitdagend vind: antwoorde getuig (dikwels) van 'n gebrek aan begrip (m.a.w. kandidate verstaan nie wat van hulle verwag word nie en/of hulle begryp die opdrag glad nie); kandidate bied steeds te min inligting in antwoorde aan en/of beantwoord net een deel van die vraag; generiese antwoorde word verskaf in plaas daarvan om die antwoord(e) binne konteks van die teks aan te bied; kandidate gebruik dikwels die beskikbare tyd verkeerd.

- (d) Baie kandidate gee steeds nie genoeg aandag aan die multivlakvrae – wat 3 of 4 punte tel – nie.
- (e) Vrae word nie met insig gelees en noukeurig beantwoord nie. Kernwoorde in vrae word dikwels geïgnoreer/nie begryp nie.
- (f) Dit blyk steeds dat die KABV in sommige skole nie as riglyn vir onderrig gebruik word nie, gevolglik vertoon kandidate se antwoorde 'n onvermoë om vrae o.a. oor kritiese taalbewustheid ten opsigte van leesbegrip én taalstrukture en -konvensies onderskeidelik te beantwoord.
- (g) Die volgende blyk algemene uitdagings te wees waaraan die vakonderwyser reeds van Graad 8 af aandag (binne die KABV-voorskrifte vir Graad 8 en 9) behoort te gee:
 - gebrekkige woordeskat. Daar is kandidate wat begrippe soos *wyd in omvang*, *ongeloofwaardig*, *teikenleser*, *onderskeidelik*, *visuele aanduidings* en *funksioneel* nie verstaan nie; gevolglik kan hulle die vraag nie korrek interpreteer nie.
 - heelwat kandidate lees nie met begrip nie en kan dus nie die vraag beantwoord nie: bv. “*teenargument*” (vraag 1.8.1).
 - die kandidate vind dit moeilik om die gegewe tekste met die nodige aandag te lees veral ten opsigte van die lees vir spesifieke inligting.

4.3 ANALISE VAN LEERDERPRESTASIE IN INDIVIDUELE VRAE IN VRAESTEL 1

VRAAG 1: Leesbegrip

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Multivlakvrae: Kandidate kan nie almal die multivlakvrae beantwoord nie. Hulle beantwoord slegs die eerste deel van die vraag, of hulle bied nie die korrekte aantal motiverings aan nie, bv. Vr. 1.4, 1.5 en 1.9.
- (b) Verbandlegging: Sommige kandidate kan nie die verband sien tussen paragrawe/tekste nie, bv. Vr. 1.6, 1.11 en 1.15. Kandidate sukkel om afleidings te maak (Vr. 1.4). Indien die kandidaat die verband kon lê tussen paragrawe 1, 5 en 8 sou hulle die betekenis van ‘artistieke standaard’ verstaan.
- (c) Puntetoekenning: Die puntetoekenning by elke vraag gee die aanduiding wat die vraagstelling vereis. Heelwat kandidate bied net een antwoord aan wanneer die vraag meer as een punt tel, terwyl die vraagstelling pertinent meer antwoorde vereis, bv. Vr. 1.3 en 1.9.
- (d) Spelling: Dit is teleurstellend dat baie kandidate van die woorde wat in die teks voorkom, verkeerd spel. Alhoewel die kandidate nie daarvoor gepenaliseer is nie, is dit 'n bewys dat die kandidate nie gefokus lees en met toegewyde aandag die vraag beantwoord nie. Byvoorbeeld: *irriterende*, *ligsinne*, *niksseggend*, *voorkeure*, *vel*, *golf*, *spesifieke*, *emosie*, *spesialisveld*, *flou*, *lirieke*, *artistieke*, *opgeruimde*, *finansieel*, *musieknote*, *hekwagters*.

- (e) Woordbetekenis/woordeskaf: Die kandidate het 'n beperkte woordeskat en ken nie die betekenis van woorde soos *finale beslissing* (Vr. 1.3) asook *teenargument* (Vr. 1.8.1) nie wat veroorsaak dat interpretasie van die vraag skade ly. Verder word begrippe in die vrae, bv. *artistieke standaarde* se betekenis binne teksverband nie verstaan nie wat veroorsaak dat Vr. 1.11 nie effektief beantwoord is nie.
- (f) Kontekstualisering: Tydens die beantwoording van vrae is die konteks van elke teks belangrik. Kandidate bied dikwels vae antwoorde aan, of probeer antwoorde uit hulle leefwêreld aanbied, terwyl alle antwoorde binne konteks van die teks aangebied behoort te word. Met die beantwoording van Vr. 1.4, 1.7 en 1.8.2 behoort die teksinhoud interpreteer te word om die antwoord te gee.
- (g) Vraagontleding: Die vraag word nie altyd ontleed om te bepaal wat die vraagstelling vereis nie, bv. Vr. 1.15 vereis die verband tussen paragrawe. Talle kandidate beantwoord net die vraag deur na ander paragrawe as paragraaf 1 te verwys. By Vr. 1.7 moes kandidate onderskei tussen redes waarom kritici as hewagters beskryf word. Talle kandidate was nie in staat om die gegewens in paragraaf 5 te herorganiseer en sodoende as redes aan te bied nie.
- (h) Lengte van antwoorde: Daar word in lang, onsamehangende antwoorde verval, veral wanneer 'n kandidaat nie seker is van sy/haar antwoord nie.
- (i) Taal: Die kandidate bied (soms) Engelse woorde in hul antwoorde aan.
- (j) Interpretasie van vrae: Kandidate slaag dikwels nie daarin om die kernwoorde in die vraag korrek te interpreteer nie, bv. Vr. 1.9: Die belangrike woorde om raak te sien is *as hulle NIE vernuwende musiek sing NIE* – wat 'n bepalende invloed op die antwoord het.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Onderrig moet gebaseer word op strategieë soos in die KABV vervat. Klem moet gelê word op die verbetering van lees met begrip, leesspoed asook-vaardighede en woordaanpakvaardighede om die betekenis van woorde binne konteks van die teks af te lei. Die onderwysers behoort van die tegnieke asook die terminologie in die KABV gebruik te maak sodat dit nie vir die leerders onbekend is nie. Dit sal wys wees om visuele tekste te ontleed aan die hand van kritiese taalbewustheidsaanduiders soos in die KABV aangedui word.
- (b) Maak van vorige jare se matriekeindeksamenvraestelle gebruik om die leerders te onderrig in vraagstelling van die leesbegripstoetse. Leesbegripoefeninge behoort reeds in Graad 8 tot Graad 11 meer gereeld, volgens die vasgestelde beplanning, gedoen te word. Beklemtoon bepaalde vaardighede wat in vrae teenwoordig is.
- (c) Klem moet geplaas word op die kernwoord(e) in die vraag. By multivlakvrae moet leerders moeite doen om die voegwoorde in die vraagstelling raak te lees en/of die leestekengebruik te interpreteer. Die leerders kan ook die dele van die vraag met hakies aandui en die puntetoekenning by elkeen skryf. Nadat die leerder(s) die vraag beantwoord het, is dit maklik om te kontroleer of elke deel wel in die antwoord voorkom.
- (d) Woordeskat wat algemeen in leesbegrip voorkom, moet onderrig word, bv. kritiese kommentaar, verband, inligting, wenk, woordkeuse, geregverdig, funksioneel, geloofwaardig, korrektheid, effektiwiteit, ens.
- (e) Dit sal ook goed wees om weer aandag te gee aan hoofletter- en leestekengebruik, sinsbou, woordkeuse en korrekte spelling.

- (f) Onderrig die leerders om 'n eie mening (binne konteks) te vorm, te evalueer en afleidings/gevolgtrekkings te maak. Die leerders moet ook in die aanbod van feite/menings onderrig word.
- (g) Dis baie belangrik dat kritiese denke oefen en ontwikkel moet word wanneer leesbegrip onderrig word. Veral m.b.t. die visuele teks en verbandlegging moet leerders onderrig word om 'n verskeidenheid visuele tekste met die gegewe leestekste in verband te bring, dit te vergelyk, dit krities te evalueer en afleidings te maak oor die boodskap van die visuele teks.
- (h) Onderwysers kan met groot vrug aandag aan die interpretasie van 'n baie groter verskeidenheid visuele tekste: advertensies, strokiesprente, spotprente, uitnodigings, kennisgewings gee. Fokus in die onderrig nie net op die prente/visuele voorstellings/ geskrewe teks/taal nie, maar op ál die kommunikasievaardighede wat in die bepaalde teks gebruik word en hoe dit aansluit/verskil van die geskrewe teks. Fokus in die onderrig op KABV-vereistes soos aangedui op bl. 24.
- (i) Benadruk die feit dat die leerders die teks/tekste in sy/hulle geheel moet lees, anders kan hulle beslis nie begrip binne die konteks van die teks toon nie.
- (j) Onderrig leerders dat die eerste antwoord wat aangebied word, nagesien word. Dit dien daarom geen doel om onnodige aanlope en inleidings, of langdradige antwoorde te skryf nie. Leerders moet onderrig word om te antwoord slegs wat gevra is. Indien twee of drie redes/antwoorde verwag word, moet leerders slegs twee of drie antwoorde aanbied. Indien hierdie onderrig- én nasienwyse reeds van Graad 8 af konsekwent toegepas word, sal leerders se ervaring van die Graad 12-leesvraestel aansienlik positiewer wees.
- (k) Leerders moet onderrig word om die verbande tussen tekste (bv. artikels) en visuele tekste (bv. spotprente/advertensies/strokies) raak te sien en leerders moet fokus daarop om antwoorde beter/ duideliker/vollediger/feiteliker in woorde uit te druk.
- (l) Verbindingswoorde by paragrawe moet uitgelig/beklemtoon word. Watter woorde/frase dui die gevolgtrekking aan? Watter woord(e) dui die samevatting aan? Is daar 'n woord/woorde wat progressie/ tydsverloop/chronologie aandui? Lê verbande tussen paragrawe, die titel, die slotparagraaf en die visuele teks.
- (m) Onderrig woordaanpakvaardighede om betekenis van woorde wat vir die leerder onbekend is, te ontsluit. Dis 'n verrykende oefening vir leerders om betekenis te ontsluit wanneer hulle woordvorming tydens leesbegrip kan toepas – maar dit moet onderrig en beklemtoon word.
- (n) Aandag moet ook aan die volgende geskenk word:
- Antwoordtegnieke moet ook onderrig word, bv. vereis die antwoord net een woord, 'n frase, 'n volsin of 'n aanhaling?
 - Wát word gevra? Gee aandag aan kernwoorde deur gebruik te maak van onderstreping/ omkringing/uitheffing met 'n glimpen.
 - Al lui die vraag, *Waarom dink jy ...*, moet die vraag steeds binne konteks van die teks beantwoord word. Alle antwoorde wat aangebied word, moet met die inhoud/boodskap van die teks/paragraaf verband hou.
 - Waar verskille/ironie gevra word, moet beide kante van die saak in die antwoord aangebied word.
 - Kritiese taalbewustheid wat in die KABV (bl. 24) spesifiek vir leesbegrip aangedui word, moet op 'n gereelde basis intensief onderrig word.

VRAAG TWEE: Opsomming

Algemene opmerkings

- (a) Hierdie afdeling word redelik goed beantwoord; baie kandidate behaal volpunte. Alhoewel die swakker kandidate in die meeste gevalle die voorbeelde van olifantgedrag kan identifiseer, kan hulle nie altyd daarin slaag om dit in volsinne in 'n logiese paragraaf aan te bied nie.
- (b) Die meeste kandidate is egter in staat om die opdrag uit te voer. Dit is duidelik dat die formaat waarin die kandidate hul opsommings aanbied deeglik onderrig word en dat die kandidate aandag skenk aan die instruksies soos in die vraagstelling uiteengesit is.

Algemene foute en wanopvatting

- (a) Paragrafering: Enkele kandidate bied nie die opsomming in paragraafvorm, soos wat die opdrag aandui, aan nie.
- (b) Beplanning: Dit blyk dat heelwat kandidate die opsomming beplan, maar die beplanning word nie in alle gevalle doodgetrek of as 'beplanning' aangedui nie.
- (c) Taalgebruik en struktuur: Die begin van die sinne word (soms) nie met hoofletters aangedui nie. Woorde wat in die teks voorkom, word soms verkeerd gespel.
- (d) Daar is steeds kandidate wat nie volledige sinne skryf nie. Telegramstyl, of weglating van lidwoorde/ onderwerp en/of gesegde van die sin lei daartoe dat die sin onvolledig saamgestel is en derhalwe nie punte verdien nie.
- (e) Omskrywing van sinne: Kandidate wat die opsomming hoofsaaklik in hul eie woorde weergee, verloor gewoonlik punte. Hulle druk hulself (gewoonlik) swak uit sodra hulle die teks in hul eie woorde omskryf en neig dikwels om hul eie opinies te gee./die betekenis van die teks/voorbeeld van olifantgedrag te verander.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Leerders moet onderrig word om die opsomming met die sewe voorbeelde in een paragraaf te skryf. Hulle behoort hoofgedagtes en ondersteunende gedagtes te kan onderskei en hul antwoord in 'n samehangende paragraaf aan te bied.
- (b) Onnodige inligting (verduidelikings/beskrywings) behoort vermy te word.
- (c) Die leerders behoort te beplan alvorens die finale paragraaf aangebied word. Beplanning moet egter doodgetrek word nadat die finale paragraaf geskryf is.
- (d) Taalstrukture is 'n belangrike komponent van 'n samehangende paragraaf. Die leerders moet dus taalstrukture en -konvensies in die opsomming kan toepas. Paragraafkonvensies, m.a.w. verbindingswoorde en logiese ordening van wenke is noodsaaklik.
- (e) Die leerders mag nie direkte aanhalings in hul opsommings aanbied nie. Onderrig leerders dat 'n aanhaling iets is wat verbatim oorgeskryf word. In 'n samevattende paragraaf is dit onaanvaarbaar. Indien een of meer van die woorde weggelaat word, of die sinsbou gewysig word, is dit nie meer 'n verbatim aangehaalde sin nie. Die finale produk moet egter steeds uit volledige sinne bestaan.
- (f) Die aantal woorde moet aan die einde van die opsomming aangedui word.

AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies

VRAAG DRIE: Advertensie

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Taalstrukture: uit die nasien is dit duidelik dat die kandidate se kennis van taalstrukture en -konvensies nie altyd op Graad 12-vlak is nie, bv. Vr. 3.2, 3.3 en 3.7.
- (b) Konteks: die vraagstelling verwys na die teikengroep van die advertensie. Die antwoord behoort binne konteks van die spesifieke advertensie aangebied word.
- (c) Toepassing: kandidate bied soms 'n generiese antwoord wanneer die teikenleser van die advertensie as antwoord aangebied moet word. Daar is ook kandidate wat bloot die tekstitel herhaal. In hierdie geval moet die kandidate die antwoord spesifiek soos wat uit die teks afgelei kan word, aanbied.
- (d) Kritiese taalbewustheid: dié vrae wat spesifiek op advertensietegnieke konsentreer is deur die bank swak beantwoord (Vr. 3.5, 3.6).

Voorstelle ter verbetering

- (a) Alle onderwysers moet die addendum t.o.v. taalstrukture en -konvensies wat in die KABV (bl. 103 tot 106) ingesluit is, bestudeer en seker maak dat alle aspekte deeglik onderrig en kort-kort, aanhoudend hersien word. Om taalstrukture en -konvensies vas te lê sal baie meer gereelde klastoetse geskryf moet word. Drillwerk met betrekking tot basiese vaardighede, woordsoorte, woordvorming, betekenisleer, woordeskat en sinsbou moet geskied – verkleiningsvorme (Vr. 3.1), funksies van leestekens (Vr. 3.5) en sinswyses (Vr. 3.3) behoort nie vir Graad 12-kandidate problematies te wees nie.
- (b) Leerders moet onderrig word in die verband tussen visuele en geskrewe tekste.
- (c) Onderrig leerders om die totale advertensie in ag te neem voordat hulle die vrae in vraag 3 begin beantwoord.
- (d) Leerders moet onderrig word om alle antwoorde op die spesifieke teks van toepassing te maak, bv. Vr. 3.8.
- (e) Elke geleentheid moet gebruik word om kritiese taalbewustheid (KABV bl. 106) te onderrig. Die woord *oorredende taal* (Vr. 3.7, 3.8) sal dan nie vir leerders vreemd wees nie.

VRAAG VIER: Strokiesprent

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Kandidate se kennis oor taalstrukture en -konvensies is beperk; Vr. 4.4, 4.5, 4.6, en 4.8 is 'n aanduiding daarvan.
- (b) Daar is kandidate wat probleme ondervind met vrae wat oor kritiese taalbewustheid handel (Vr. 4.1, 4.2).

Voorstelle ter verbetering

Leerders moet die strokie in totaliteit lees en interpreteer.

- (a) Begrippe soos *klankverspringing*, *anglisme*, *stereotipering*, *bevooroordeeldheid* moet onderrig word.
- (b) Gebruik vorige Graad 12-eksamenvraestelle se vrae (spesifiek Vraag 4) vir voorbereiding en/of hersiening.

VRAAG VYF: Artikel

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Dis kommerwekkend dat min kandidate gewone taalstrukture soos in Vr. 5.1, 5.4, 5.5, asook 5.8 nie kan beantwoord nie.
- (b) Daar is kandidate wat nie tussen 'n diftong en 'n vokaal kan onderskei nie.
- (c) Die vraag wat oor verbindingswoorde handel (Vr. 5.7 en ook Vr. 4.4) was 'n uitdaging vir die kandidate.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Taalstrukture en -konvensies sal vanaf Graad 8 meer aandag moet geniet – dit is nie 'n aspek wat net in Graad 12 onderrig kan word nie.
- (b) Afrikaans Huistaal as vak is nie die spreektaal nie. Dis die wetenskap van 'n besondere taal; dit dui op die vaardigheidsvlak van die leerder en die vaardigheidsaanduiders, wat in die KABV aangedui word, wat derhalwe deeglik onderrig moet word.
- (c) Leerders behoort aangemoedig te word om in Afrikaans te léés: koerante, tydskrifte, advertensies, strokiesprente, storieboeke! Dit sal daartoe lei dat hul woordeskat uitgebrei word.
- (d) Die kandidate behoort steeds die konteks van die teks in gedagte te hou wanneer vrae (bv. Vr. 5.2, 5.3) beantwoord word.
- (e) Die onderrig van verbindingswoorde (KABV, bl. 105) moet opgeknip word.

AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 2

4.4 OORSIG VAN LEERDERPRESTASIE IN VRAESTEL 2

Algemene opmerkings

Die onderrig en assessering van Letterkunde is net geslaagd as die volgende uit die KABV in gedagte gehou word: Die doel van die onderrig van literêre tekste is om aan die leerders te wys hoe huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.

Dit beteken dat die twee kernvrae in poësie: Wat word gesê? Hoe weet ek dit? sentraal in die bespreking van die gedig staan. Verder behoort die aspekte in die KABV wat op poësie van toepassing is, bestudeer te word soos wat dit op elke gedig betrekking het.

Die leerders behoort die voorgeskrewe drama te lees waarna die teks bestudeer word om die intrige en subintrige, die manier waarop die dramaturg die karakters openbaar, en hoe hulle deur die drama ontwikkel; milieu en agtergrond, tempo, tyd, die gebruik van beelde en simbole; dramatiese tegnieke, karakterisering, rol van die verteller/perspektief, tema en boodskap, agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema, dramatiese struktuur: intrige en subintrige, stemming en toon, ironiese wending/afloop, verband tussen dialoog/monoloog/alleenspraak en handeling aan die leerder bekend te stel. Hierdie aspekte behoort nie generies bestudeer te word nie, maar binne die konteks van die teks – en die leerder behoort ook die teksinhoud sodanig te ken dat hierdie aspekte op die teks van toepassing gemaak kan word.

Net so behoort die leerders ook die roman te lees om eerstens bewus te raak van die narratief en die intrige van die roman. Daarna behoort aspekte soos moontlike betekenis en vertolkings van die storie; ondersoek hoe die skrywer taal gebruik om karakters te skep, karakters se interaksie met mekaar; milieu/ruimte, intrige en subintrige/spanningslyn, karakter en karakterontwikkeling, karakterisering, innerlike en uiterlike konflik, die rol van die verteller, temas en boodskappe, agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema, stemming, ironiese wending/afloop, tydsverloop aan die hand van die roman ondersoek word. Die leerders behoort in staat te wees om hierdie aspekte op die romaninhoud van toepassing te maak sodat besprekings binne konteks van die romaninhoud kan plaasvind.

Dit is dus belangrik om die voorgeskrewe werke te lees, bespreek, kontekstuele- en opstelvrae daarvoor te beantwoord en te leer. Vraestel 2 is nie 'n leesbegripoefening nie.

Wanneer die leerders in die aspekte wat in die KABV voorkom, onderrig word met die oog op die beantwoording van die opstelvraag, behoort die volgende in gedagte gehou te word: (1) die leerder moet ('n reeks treffende) argumente aanbied om die vraagstelling te ondersteun. (2) 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met relevante verduidelikings gemotiveer word./korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./ geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word. Dit moet vermeld word dat 'n treffende argument **nie noodwendig** in die formaat: punt, verduideliking én illustrasie is nie (alhoewel die leerder die argument wel in dié formaat kan aanbied). Die vraagstelling bepaal die argument wat die leerder aanbied. Verder is 'n literêre opstel 'n opstel wat aan al die konvensies van 'n opstel behoort te voldoen, o.a. register, styl en toon, sinsbou en paragrawe (verwys na die KABV).

Kandidate wat goed gevaar het, het 'n deeglike kennis van die voorgeskrewe werke gehad en is deeglik onderrig in die aspekte wat die KABV vereis. Dus kon die kandidate die aspekte in die KABV op die teksinhoud van toepassing maak.

Die waarde van die inoefening van vorige jaar se eindeksamenvraestelle moenie onderskat word nie.

4.5 ANALISE VAN LEERDERPRESTASIE IN VRAESTEL 2

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Kandidate wat nie goed vaar nie, beskik oor gebrekkige kennis oor die voorgeskrewe letterkunde en kan nie afleidings maak, vrae daaruit interpreteer en evalueer nie. Daar is kandidate wat 'n generiese antwoord aanbied, en nie die antwoorde binne konteks van die teks (gedig/roman/drama) aanbied nie. Al die letterkundige begrippe soos wat die KABV voorskryf, moet onderrig word en dan behoort die kandidaat hierdie kennis op die tekste van toepassing te kan maak.
- (b) Kandidate beskik nie oor die nodige woordeskat om hul begrip van die tekste uit te druk nie; 'n gebrekkige woordeskat benadeel ook die kandidate se interpretasie van die vrae/opdragte.

- (c) Ander faktore wat 'n negatiewe invloed op die kandidate se prestasie het, sluit die volgende in:
- onvermoë om instruksies uit te voer;
 - gebrekkige begrip aangaande die eise wat die vraag stel;
 - aandag ontbreek by die lees van die teks wat lei tot onsuksesvolle beantwoording van vrae; en
 - die kandidate ken nie die verskil tussen funksioneel (funksie) en effektiwiteit (hoe goed word dit gedoen) nie. Hierdie gebrekkige woordeskatkennis beïnvloed die wyse waarop die vraag beantwoord word.

Algemene foute en wanopvattinge in Afdeling A

- (a) Daar is kandidate wat nie by die kern van die opstelvraag (Vraag 1) 'beeldspraak, stylfigure én retoriese middele' uitkom nie.
- (b) Daar is kandidate wat poog om die opstelvraag (Vr. 1) te beantwoord deur slegs die teks te parafraseer en nie argumente aan te bied nie.
- (c) Verder onderskei die kandidate nie tussen die spreker (Afdeling A) en die verteller (Afdeling B en C) nie, en verwys ook in sommige gevalle na die digter en die skrywer wanneer dit nie van toepassing is nie.
- (d) Daar is gevalle waar die kandidate nie presies met hul antwoorde is nie. Die kandidate bied 'n lang antwoord met 'n aanloop wat nie met die vraag verband hou nie aan. Indien meer as een antwoord aangebied word, stel die nasienriglyne dit duidelik dat slegs die eerste antwoord nagesien word. Dit beteken dan dat die derde antwoord die korrekte antwoord kan wees, maar dat die kandidaat die punt verbeur.
- (e) 'n Generiese antwoord word soms aangebied en die antwoord word nie in verband met die konteks van die gedig/spesifieke versreëls(s) gebring nie, bv. Vr. 2.2, 3.1, 3.3, 4.3, 5.1, 5.4 en 5.6.
- (f) By sommige vrae word dit vereis dat twee kante van die saak in die antwoord aangebied word, bv. Vr. 2.4, 4.6, en 5.5.
- (g) Indien die kandidaat die beeld wat geskep word, in eie woorde omskryf, die geslaagdheid evalueer, word die konvensies van die beeldspraak/stylfiguur nie van toepassing op die antwoord gemaak nie (Vr. 2.5).
- (h) Dit is soms 'n uitdaging vir die kandidate om reëls/teksdele met mekaar te vergelyk.
- (i) Die vakpersoneel moet seker maak dat die oorspronklike gedig soos wat dit in die bundel verskyn, bestudeer word (bv. *Oupa Thomas Daniel Granfield*) en na die relevante omsendbriewe van die onderwysdepartement te verwys.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Die leerders behoort in die beantwoording van die literêre opstel onderrig te word. Die leerders moet onderrig word om die stelling in die opstelvraag te ontleed voordat die opstelvraag beplan word.
- (b) Verder behoort die leerders onderrig te word aangaande die formulering van argumente. Die leerders kan nie slegs die gedigteks parafraseer nie, maar elke argument moet met die vraag verband hou en op die gedigteks van toepassing gemaak word.

- (c) Die onderwysers moet die verskil tussen spreker en digter onderrig. In alle gedigte is daar 'n spreker aan die woord wat nie die digter is nie. In romans en dramas is daar 'n verteller aan die woord. Die funksie van die spreker/verteller moet onderrig word en (binne konteks) op die spesifieke teks (-uittreksel) van toepassing gemaak word.
- (d) Die leerders behoort elke vraag te ontleed om die antwoord wat verwag word, presies aan te bied en nie omslagtig te antwoord nie.
- (e) Die leerders moet onderrig word om te weet dat die antwoorde in letterkunde (Afdeling A, B en C) nie los van die konteks staan nie, maar alle antwoorde moet binne konteks van die gedig/roman/drama/teksuittreksel aangebied word.
- (f) Dit is belangrik dat die leerders onderrig moet word om by aspekte soos teenstelling/kontras, vroeë oor inhoud van versreëls wat bymekaar aansluit, ook by o.a. ironie, paradoks, oksimoron en vergelyking, twee kante van die saak in die antwoord aan te bied. By verskille moet die twee kante van die verskil in die antwoord aangebied word.
- (g) Verder moet die leerders onderrig word om steeds die twee kante van die saak aan te bied indien die beeld wat geskep word, (bv. vergelyking) in eie woorde aangebied moet word.
- (h) Die leerders behoort elke vraag deeglik te lees/ontleed om die vraag te beantwoord en nie die beperking wat die vraag op die antwoord stel (Vr. 2.3) mis te lees nie.
- (i) Indien die leerders meer oefening in die onderrigsituasie kry om tekste met mekaar te vergelyk, verskillende versreëls wat dieselfde aspek ondersteun, uit te ken en 'n antwoord te kan formuleer sal hierdie vaardigheid leerders se prestasie verbeter.
- (j) In onderrig moet die leerders ook meer oefening in die beantwoording van ongesiene gedigte se vrae kry. Die leerders kan die ongesiene gedig se vrae beantwoord en daarna kan die vraagstelling en die gedig bespreek word.

Algemene foute en wanopvattinge in Afdeling B en C

- (a) Dit blyk dat sommige kandidate voorafuitgewerkte opstelle as antwoord aanbied wat nie met die vraag verband hou nie. (Vr. 6, 8, 10, 12, 14, 16). Daar word slegs ongemotiveerde stellings aangebied en nie argumente (stellings wat gemotiveer is) nie. Literêre opstelle word (dikwels) verkeerdlik sonder 'n inleiding en slot aangebied.
- (b) Min kandidate beplan die opstel (bv. skematies) wat soms tot 'n herhalende, omslagtige aanbieding lei. Daar is ook gevalle waar die kandidate in storievertelling verval.
- (c) Daar is kandidate wat nie die tweede deel van die vraag beantwoord nie (Vr. 7.2, 7.3, 7.4, 7.5, 9.1, 9.3, 9.4, 9.10, 9.11, 11.3, 11.4, 11.7, 13.2, 13.3, 13.6, 13.9, 15.3, 15.6, 17.6.1, 17.7, 17.8, 17.11).
- (d) Soms bied die kandidate 'n reeks redes as antwoorde aan (Vr. 13.5, 13.6, 15.3, 15.6, 15.8, 15.9, 15.12, 17.1, 17.3, 17.9, 17.11) wanneer die kandidaat spesifiek een/twee/drie rede(s) as antwoord moet aanbied.
- (e) Daar moet daarop gelet word dat innerlike konflik gewoonlik afgelei moet word uit die karakters se woorde en/of handeling (of die gebrek daaraan).

- (f) Wanneer verduidelikings/motiverings gegee word, is die verduidelikings/motiverings nie van toepassing op die vraagstelling en roman/drama nie, maar eerder generies (Vr. 7.3, 9.4, 9.5, 13.6, 13.8, 13.10, 15.1, 17.2).
- (g) Die beperking in die vraagstelling word nie raakgelees nie (Vr. 7.2, 9.1, 13.6, 13.9, 15.3, 15.12).
- (h) Dit blyk dat daar kandidate is wat oor 'n gebrekkige woordeskat beskik en daarom nie die vraagstelling verstaan nie, bv. 'karakterontwikkeling' (Vr. 17.11), 'struktuur van die drama' (Vr. 17.10, 15.10), 'geregverdig' (Vr. 15.3), 'woorde en handeling' (Vr. 15.4), 'maatskaplike milieu' (Vr. 15.6), 'onderskeidelik' (Vr. 13.3).
- (i) Indien verskille, ooreenkomste, ironie, dramatiese ironie, konflik, verbande in die antwoord vereis word, bied kandidate slegs een kant van die saak in die antwoord aan (Vr. 9.5, 11.3, 13.2, 13.9, 15.11, 17.5) en nie die twee kante wat vereis word nie. Met dramatiese ironie word die gehoor/leser nie in die antwoord betrek nie.
- (j) Die kandidate beskik nie oor genoegsame inhoudskennis van die roman/drama om te weet wat die teks in die vraestel voorafgaan of wat daarna gebeur nie (Vr. 13.1, 15.1, 17.1).
- (k) Sommige kandidate verwys nie na die punttoekenning as leiding om die vraag te beantwoord nie. 'n Eenpuntvraag word dan in 'n aantal (soms omslagtige) sinne beantwoord.
- (l) Multivlakvrae en vrae wat meer as een punt verdien, se antwoorde word in aaneenlopende sinne aangebied en nie altyd in die volgorde van die vraagstelling nie.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Die leerders moet die drama-/romaninhoud deeglik onder die knie hê. Hulle moet in staat wees om hul kennis van die narratief en intrige en ook die aspekte in die KABV op die drama- en romaninhoud van toepassing te kan maak. Die leerders moet kennis dra dat 'n gepaste inleiding en slot tot die samehang van die opstel bydra. Dan behoort die leerders in staat te wees om enige opstelvraag in Afdeling B en C te kan beantwoord.
- (b) Deeglike beplanning van die literêre opstel (sonder om twee volledige weergawes van die opstel aan te bied) behoort aandag in die onderrigsituasie te kry.
- (c) Die onderwyser moet die leerder onderrig in verskillende maniere van vraagstellings sodat hulle alle soorte vrae (en beperkings in vraagstelling) kan hanteer.
- (d) Die onderwyser moet die leerder onderrig om met behulp van die punttoekenning vrae te beantwoord. Die leerder moet die vraag ontleed om die vraagdele te bepaal voordat dit beantwoord word. Verder moet die leerders die antwoord presies aanbied sonder om in omslagtigheid te verval.
- (e) Die leerders moet onderrig word om te weet dat die antwoorde in letterkunde (Afdeling A, B en C) nie los van die konteks staan nie, maar alle antwoorde moet binne konteks van die gedig/roman/drama/teksuittreksel aangebied word en op die spesifieke teks/reëls van toepassing gemaak word.
- (f) Indien die leerders die vraagstelling ontleed, sal die beperking nie misgelees word nie. Deeglike oefening in die verskillende vraagstellings moet deurentyd geskied.
- (g) Die karaktereienskappe en karakterisering van alle karakters in die roman/drama moet dééglig onderrig word.

- (h) Die begrippe soos wat dit in die KABV voorkom, behoort deel van die onderrig te vorm. Verder moet leerders kennis neem van vorige jare se indeksamenvraestelle en dit in die klas bespreek en oefen.
- (i) Die leerders moet deeglik in die intrige van die roman/drama onderrig word. Verder moet die teks deeglik bestudeer word wat beteken dat die teks meer as een keer deur die leerder gelees moet word. Na die eerste lees moet leerders bewus raak van die verskille tussen die narratief (wat gebeur volgende?) en die intrige (waarom gebeur dit?); ondersoek moontlike betekenis en vertolkings van die storie; ondersoek hoe die skrywer taal gebruik om karakters te skep (beskrywing en direkte woorde); karakters se interaksie met mekaar; milieu/ruimte (beskrywende taal en toevallige verwysings regdeur die roman); probeer om, waar nodig, die onderliggende idees, gedagtes en ideologieë wat die gang van die roman bepaal, te ontrafel (verwys na die KABV, bl. 26 tot 28).
- (j) Indien die leerders elke vraagdeel in 'n eie reël in die antwoordeboek beantwoord, vergemaklik dit die leerder se eie redigering om hom/haar te vergewis dat aan alle vraagdele in die antwoord voldoen word.
- (k) Dis noodsaaklik dat leerders onderrig word in die terminologie wat in die KABV aangedui/gebruik word, bv. struktuur van die drama (kan nie vervang word met *bou* van die drama nie), klankeffekte, retoriese middele, tipografiese middele, stylfigure, ens. Dis die terminologie wat in die vraestelle gebruik word. Vir die graad 12-eksamen behoort volstaan te word met die inhoud van die KABV.
- (l) Die gedig/romanteks/dramateks is die voorgeskrewe teks, Daar behoort nie op studiegidse staatgemaak te word nie. Hierdie tekste word aan die hand van die vereistes wat die KABV stel, onderrig.

AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 3

4.6 OORSIG VAN LEERDERPRESTASIE IN VRAESTEL 3

Algemene opmerkings

- (a) Die kandidate hanteer die verskillende opdragte goed. Daar is nog sentrums waar die kandidate oor 'n gebrekkige kennis van opstelle of formate van transaksionele skryfwerk beskik.
- (b) Waak teen kapstokopstelle – kandidate leer 'n voorafuitgewerkte opstel en probeer om dit in te pas by enige van die onderwerpe in die vraestel ... dit stuur soms af op mistasting.
- (c) Heelwat kandidate neig om slegs verhalende of beskrywende opstelle te skryf, terwyl dit nie altyd suksesvol is nie.
- (d) Daar is kandidate wat 'n swak begrip ten opsigte van die beplanning van 'n opstel toon. Dit is beter dat kandidate die beplanning in pen skryf.
- (e) Kandidate sukkel met die struktering van hul paragrawe: daar is te veel hoofgedagtes in een paragraaf. Die kandidate behoort daarop te let dat een paragraaf verkieslik uit een hoofgedagte en verskeie ondersteunende gedagtes bestaan.
- (f) Dit is vir kandidate 'n uitdaging om uitstekende transaksionele tekste aan te bied, aangesien hulle nie altyd aan voorbeeldskryfstukke blootgestel word nie.
- (g) Kandidate sukkel in die algemeen om in 'n formele register te skryf waar 'n onderwerp dit vereis.

4.7 ANALISE VAN LEERDERPRESTASIE IN VRAESTEL 3

AFDELING A: OPSTELLE

Algemene foute en wanopvattinge

- (a) Die kandidate wat Vr. 1.1 gekies het, het goeie beskrywende opstelle aangebied. Daar is soms van die onderwerp afgedwaal en nie op die vreemdeling op die dorp gefokus nie, maar in die algemeen oor vreemdelinge geskryf. Die swakke kandidate het nie van die begin af op die onderwerp gefokus nie en eers in die laaste paragraaf iets oor die vreemdelingskap gemeld; dit het die waarde van die opstel verminder.
- (b) Die onderwerp, 'Totsiens, matriek! Dagsê lewe!', het goeie opstelle opgelewer aangesien dit die leefwêreld is waarin die kandidate hulle bevind.
- (c) Nie baie kandidate het die onderwerp wat handel oor die mense wat Suid-Afrika se grootste bate is, gekies nie (Vr. 1.3). Alhoewel daar kandidate was wat van die onderwerp afgedwaal het en Suid-Afrika se natuur en erfenis ook bygesleep het, is daar ook puik beskrywende opstelle ontvang. Sommige kandidate het nie die woord 'bate' verstaan nie.
- (d) Min kandidate het interessante opstelle oor hierdie onderwerp geskryf (Vr. 1.4), terwyl ander nie die onderwerp baasgeraak het nie. In heelwat gevalle het die kandidate fokus verloor deur nie oor die onderwerp self te skryf nie – hulle het slegs verwys na die aanhaling 'nee, Pa' of 'nee, Ma'.
- (e) Die onderwerp (Vr. 1.5) het 'n verskeidenheid van opstelle tot gevolg gehad. Die kandidate wat bloot oor die eerste deel van die aanhaling geskryf het, het nie die onderwerp deeglik ontgin nie.
- (f) Verskillende tipes opstelle is na aanleiding van die visuele prikkel (Vr. 1.6.1) aangebied. Die kandidate wat bespiegelende opstelle en argumenterende opstelle aangebied het, het hul goed van hul taak gekwyt.
- (g) Goeie opstelle (Vr. 1.6.2) is ontvang wat duidelik op die teenstelling dui wat in die prikkel na vore kom. Skryfwerk het ook oor boelies en bulimie gehandel wat duidelik aandui dat dit 'n groot probleem onder tieners is. Uitstekende skryfstukke is hieroor ontvang.
- (h) Die onderwerp (Vr. 1.6.3) het hom tot 'n verskeidenheid interpretasies geleen en kon wyd interpreteer word, van tatoeëermerke tot die kulturele gebruike om tatoeëermerke aan te bring.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Leerders moet pertinent geleer word om die vrae en instruksies baie deeglik te lees, dan die onderwerpe te analiseer, te beplan en uiteindelik te skryf.
- (b) Ekstra aandag moet aan die struktuur van opstelle geskenk word (KABV, bl. 31 tot 35). Lang, lomp paragrawe en sinne lei tot growwe foute en veroorsaak dat kandidate onnodig gepenaliseer word. Hulle moet geleer word om korter sinne, een-woord-paragrawe en afwisseling van sinslengtes met vrug te gebruik.
- (c) Onderrig die leerders ook om bewus te wees van toon, register en styl by die verskillende skryfstukke.

- (d) Die basiese kenmerke van 'n opstel moet onderrig word – funksionele pragrafering, korrekte sinsbou, korrekte puntuasie, gepaste woordgebruik. Dit verseker goeie skryfwerk.
- (e) Die belangrikheid van goeie skryfvaardighede moet reeds vanaf graad 8 benadruk word; ook die uniekheid van hierdie vraestel, nl. dat dit die kandidaat se eie kreatiewe skryfwerk is wat beoordeel word, moet in gedagte gehou word.
- (f) Hierdie vraestel toets kreatiwiteit en nie kennis nie! Oorspronklike skryfwerk is daarom belangrik.
- (g) Progressie in enige opstel verseker dat die spreekwoordelike goue draad slaag – die ontwikkeling en uitbreiding van detail tot in die slot.
- (h) Die slot moet die verrassingsfaktor bevat, maar moet terselfdertyd ook die saambindende faktor in die opstel wees.
- (i) Vermy “mooi-skrywery”. Sukses van goeie skryfwerk lê opgesluit in die eenvoud van raak beskrywing, fyn waarneming, en slim skryfwerk.
- (j) Interpretasie van opstelonderwerpe moet onderrig word, veral die verskillende sienings en invalshoeke vir een onderwerp. Dan eers leer leerders om anders en nuut na 'n onderwerp te kyk.
- (k) Gee aandag aan die interpretasie van die visuele prikkels.
- (l) Die sukses van 'n goeie skryfstuk hang ook af van die geïntegreerde taalonderrig in die klas. Onderrig dus die volgende (dit is ook op Afdeling B van toepassing):

- funksionele paragrafering en tipografie;
- kritiese taalbewustheid – om die regte woord in die regte konteks te gebruik;
- die gebruik van lidwoorde; mens moet dit doen i.p.v. 'n mens ...;
- die gebruik van aanhalingstekens;
- die korrekte en funksionele gebruik van leestekens en woorde;
- die lydende vorm en die gebruik van die hulpwerkwoord van vorm, was word gebruik in plaas van is;
- die korrekte gebruik van voorsetsels, bv. ek gaan saam my vriende is verkeerd; saam met my vriende;
- die los en vas skryf van woorde, bv. op pad, op soek, nog steeds;
- die korrekte gebruik van die direkte rede in 'n opstel. Waak teen te veel direkte rede in die opstel, dit kan verkeerd gebruik word en onnodige leestekenfoute word begaan. Onthou die opstel is nie 'n dialoog nie.
- die betreklike voornaamwoord, bv. wat, wanneer word verkeerd gebruik in sinne. Let ook op die gebruik van as, dus, dan en soos; en
- onderrig die intensiewe vorm wat vas geskryf moet word.

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

- (a) Alhoewel hierdie onderwerp die gewildste onderwerp is (Vr. 2.1), het kandidate vergeet om die adres by te voeg. Ander formaatfoute wat begaan word, sluit die aanhef en slot wat weggelaat word, in. By enkele kandidate was daar te min uitbreiding en sommiges het vergeet dat die brief aan 'n familielid gerig moet word. Die kandidate het onbelangrike gebeurtenisse en vae redes in die informele brief aangebied.
- (b) Die formele brief (Vr. 2.2) was 'n gewilde keuse, maar die kandidate begaan formaatfoute (adres, aanhef en afsluiting). Die formele toon bly vir baie kandidate 'n probleem, terwyl die brief in sommige gevalle aan die skool gerig is en nie aan die motiveringspreker nie.
- (c) Baie van die huldeblyke wat ontvang is (Vr. 2.3) het net op die persoon gefokus en nie genoem van die spesiale skoolfunksie waar die oudleerder vir nasionale kleure wat hy/sy ontvang het, vereer is nie. Daar was ook kandidate wat net aanvaar het dat die persoon oorlede is, wat nie die geval was nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die huldeblyk in Afrikaans aan 'n persoon hulde bring wat lewe of wat oorlede is.
- (d) Dit blyk dat die dekbrief (Vr.2.4) nie aan alle kandidate onderrig is nie. Al die inligting wat in die vraagstelling voorkom, kon in die aanbied van die dekbrief gebruik word, maar daar is kandidate wat dit nie sodanig aangepak het nie.
- (e) Alhoewel die koerantberig (Vr. 2.5) reeds in die laer grade onderrig word, is die onderwerp nie ontgin nie; die fokus moes op die beriggewing, wat eie aan 'n koerantberig is, wees en nie die eer wat aan die persoon gerig word nie. Die gepaste register waarin die koerantberig geskryf word, is nie in alle skryfstukke aangebied nie.
- (f) Die informele toespraak (Vr. 2.6) was 'n gewilde keuse, tog het enkele kandidate nie die onderwerp deeglik ontgin aan die hand van die vraagstelling nie. Die kandidate kon goeie punte behaal, omdat hulle met passie en oortuiging die skool se goeie hoedanighede bekend gestel het.

Voorstelle ter verbetering

- (a) Die formaat, styl, struktuur, spesifieke doel en teikengroep van verskillende skryfstukke moet onderrig word.
- (b) Die onderwyser moet die leerders onderrig dat 'n spesifieke register by 'n bepaalde skryfstuk pas.
- (c) Die onderwyser word gemaan om nie in die slaggat te trap wanneer hulle wil voorspel watter transaksionele tekste in 'n eindeksamen geassesseer gaan word nie: alle transaksionele tekste in die KABV moet onderrig word.